**Sondag 2 April**

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:13-23**
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:18 (AFR83/AFR2020)**

**Oorsprong van die kerk: Christus, die Hoof en die oorsprong van die kerk, Koning oor die ganse skepping!**

Paulus loof en prys Jesus Christus as die enigste Hoof van die kerk. Die kerk het uit Hom ontstaan. Hy is die oorsprong daarvan. As dit nie vir Christus was nie, was daar nie ’n kerk nie. God Self het Christus aangestel as die Hoof van die kerk en daarom moet ons aan Hom gehoorsaam wees. God het Hom as die Hoof van die kerk gestel om drie redes:

- Die **eerste rede** vind ons in vers 15, naamlik dat die Seun die beeld van God is. Jesus Christus is nie net ’n afdruk van die Vader nie – Hy is God Self en God woon met sy volle wese in Hom. As jy God dus wil leer ken, moet jy by Jesus Christus begin en Hom leer ken.
- Die **tweede rede** vind ons in vers 16, naamlik dat God deur Hom alles geskep het. Jesus Christus is nie maar net ’n skepsel wat beperk is en deur die natuurwette bepaal word nie – Hy is groter as dit! Hy is bo die skepping verhewe. Hy is die Eersgeborene oor die hele skepping. Hy is die belangrikste en grootste. Aan Hom het die hele skepping sy bestaan te danke.
- Die **derde rede** vind ons in vers 18, naamlik dat Hy die eerste is wat uit die dood opgestaan het, of anders vertaal: “... die Eersgeborene uit die dood ...” Jesus Christus het vir ewig opgestaan uit die dood. Hy het vir ons die ewige lewe oopgesluit en die vrede kom herstel.

Om hierdie drie redes is Hy die Eerste in alles. Hy is bo alles. Hy het alles gemaak en deur Hom is alles in die hemel en op die aarde met God versoen. Maar is Hy eerste in jou lewe? Bepaal hierdie drie vaste waarhede jou lewe en is sy koningskap só duidelik in jou lewe dat ander mense dit sien?

*Sing: Psalm 2-1:4, 6*
*Dr. De W Saaiman (De Wet)(Krugersdorp)*